

## OP AMAJUBA

Majoor Fraser is, volgens sy eie getuienis, op 26 Februarie 1881 reeds om 3.30 nm. deur genl. Colley gevra om hom die aand om 9.30 nm. te vergesel. Om 8.00 nm. is bevel uitgereik aan alle manskappe om om 9.30 nm. op parade en in besit van die volgende te wees: warmjasse, waterdigte lakens, drie dae se kosrantsoen elk en ammunisie. Fraser gee nie die hoeveelheid ammunisie aan nie en ook niemand anders wat van dié bagasie melding maak nie, behalwe 'n ooggetuie wat rep van 70 patrone elk. Vanweë Fraser se gesaghebbende posisie, kan ons sy getuienis aanvaar en waar ander dokumente van loopgraafgereedskap melding maak, kan ons Fraser se syfers aanhaal, nl. vier grawe en ses pikke per kompanie.

Oor die feit dat die uittog uit die Britse kamp by Mount Prospect om 10.00 nm. begin het, is daar eenstemmigheid. Weereens verlaat ek my op Fraser omdat hy die uittog met die hulp van twee gidse moes lei en saam met Colley die juiste gegewens kon verskaf. Die kolonne bestaan uit drie kompanies 92ste Hooglanders onder majoor Hay (180 gewere), twee kompanies 3/60ste „Rifles” onder kaptein Smith (140 gewere), twee kompanies van die 58ste onder kapt. Morris (170 gewere) en 64 matrose van die Naval Brigade onder kommandeur Romilly. Hoewel slegs Fraser die getalle so aangee, stem die getuienis van Engelse kant ooreen wat die soldate-afdelings betref en gee T. F. Carter ook die totaal van gewapende soldate as 554 aan. Oor die totale getal wat die kamp verlaat het, is daar uiteenlopende getuienis. Die Boere het die Engelse bo-op Majuba op  $\pm$  500 geskat. Carter praat van 600 saam met die mediese personeel, maar 725 of 693 + 35 offisiere skyn aanvaarbaar te wees.

Terwyl die kolonne in volgorde 58ste, 60ste, 72ste en 92ste met die Naval Brigade as agterhoede, saam met die mediese personeel, drr. Mahon en Landon en 4 lede van die A.H.C. vertrek, bly die kamp agter onder bevel van kol. Bond van die 58ste (wat kort tevore in Mount Prospect aangekom het en senior was) met maj. Essex as stafoffisier en luit. Hamilton.

Die Engelse het Majuba van die Suidekant af uitgeklim. Om 11.00 nm. word in die nek tussen Mount Prospect en Majubaberg se kruin, halt geroep. Hier kry 2 kompanies van die 60ste „Rifles” bevel om die kop Iquela te beset en die beweging verderaan vandaar te dek. Een kompanie van die 92ste Hooglanders word in die nek agtergelaat om hom daar in te grawe.

Tussen 3.30 en 4.00 vm. bereik die Engelse die kruin van Majuba en vind dit onbewaak deur die Boere. 'n Deel van die Naval Brigade bly by die ingang van Majuba agter onder luit. Trower. Die soldate was te moeg en uitgeput van die klim en swaar vraag om hulle sistematies in te grawe. Die kruin van Majuba is effe hol en al wat die Engelse te doen gestaan het, was om die rand van die kom te beman en te verdedig en dan sou slegs hongersnood hulle daar kon uitdryf. As die Engelse Majuba kon behou, sou die Boere moes wyk, want 'n kanon kon vanaf die bergtop die hele Boerekamp verpletter.

Die Engelse besef die waarde van hul posisie en beman dan ook aan-

vanklik die rand van die kom. Die 58ste „Rifles” beman die rand agter en agter-links, die 60ste Hooglanders links om na links voor en voor, die 58ste en die res van die matrose regs-voor en regs, t.o.v. die noordekant, vanwaar die Boere-aanval sou kom. In die kom bly reserwes van die 58ste „Rifles”, Naval Brigade en 92ste Hooglanders agter. Drr. Landon en Mahon kies ook ondertussen ’n geskikte posisie vir die hospitaal agter ’n rotsrif wat, volgens hulle, vyandelike koeëls sou afweer. ’n Put is gegrawe en ’n goeie watervoorraad is op ’n diepte van drie voet gevind.

Uit die bewegings van die Boere op Sondag, 27 Februarie 1881, blyk dit duidelik dat hulle glad nie bewus was van die Engelse se maneuvres gedurende die nag nie. Dit het teen 4.00 vm. lig geword juis toe die wagte op hul poste moes wees, volgens bevel in die kamp. Die Engelse had bevel om nie te skiet nie, maar was so versekerd van hul posisie dat volgens Carter se emosionele beskrywing, „Highlanders stood watching, and pointing at the camp below them, shook their fists in exultation, and laughingly challenged the enemy, ‘Come up here, you beggar’”. Oor die tyd waarop die eerste skote gevuur is, is daar nie eenstemmigheid nie, maar dit moes tussen 5.00 en 6.00 vm. gewees het terwyl Boerespioene besig was om die kop te beklim. Die Boere was steeds onbewus van die teenwoordigheid van die vyand bo-op die berg. Eers toe daar herhaaldelik op hulle geskiet is, het hulle die toedrag van sake besef en skuiling gesoek.

„ . . . Toen hij van de waarheid overtuigd was . . .” ry genl. Joubert self te perd deur die Boerekamp om bevele te gee: „Daar zijn de Engelschen op den Kop, jullie gaat hulle nou daar afhaken” want as die Engelse daar sou bly, sou die Boere moes wyk. Aangesien die kamp nie té verswak agtergelaat kon word nie, vergader net die manne van Nic Smit, A. Pretorius en G. Meijer agter die Generaal se tent, waar D. J. K. Malan, Stephanus Roos en Joachem Ferreira as offisiere aangestel word, oor die 150 man (meestal uit Pretoria se omgewing) wat die berg moes bestorm. Een Engelse getuie praat van ’n groep van 160 man, terwyl ’n ander melding maak van 200 man. Met ’n mate van sekerheid kan ’n mens egter die getalle soos deur die Boere verskaf, aanvaar.

Oor die presiese tyd waarop die Boere, te perd en te voet, die berg bestorm het, is daar onsekerheid. Dit moes egter tussen 6.00 en 7.00 vm. gewees het. Die Engelse begin dadelik die natuurlike rotsmuur waaragter hulle bo-op die berg skuil, versterk, maar doen dit ongeërg en sonder veel sorg. Intussen laat die Boere hul perde aan die voet van die berg in ’n groot kloof agter en klim te voet verder vanuit die noordekant. Die skietery neem toe. Die Engelse skiet op elke Boer wat hulle gewaar, maar verkeer self in só ’n veilige posisie, dat daar teen 11.00 vm. slegs 4 of 5 Engelse gewond was.

Onder dekking het die Boere teen 11.00 vm. omtrent driekwart van die berg uitgeklim. Hier het hulle gerus en beraadslaag, want hiervandaan moes hulle teen die Engelse se geweervuur in, die berg opstorm. Van hier verdeel hulle in drie groepe: Roos en sy manne klim teen die kranse aan die middelfront uit, Ferreira klim regs van hom uit om die klipkoppies te

bestorm en Malan en sy manne beweeg links om na die oostekant, maar vind die helling daar té steil om verder te klim.

Hierdie gegewens is hoofsaaklik uit Ferreira se getuienis geput, omdat hy die enigste van die drie bevelvoerders was van wie ons oor dokumente beskik en daarom die juiste gegewens sal kan verstrek. Sy getuienis word ook deur ander dokumente gesteun.

Terwyl die Boere nou oor 'n verspreide front naderklim, gaan Stewart, Fraser en Colley oor na kommandeur Romilly om oor die ingrawing van die matrose te beraadslaag. Daar word Romilly egter tussen hulle geskiet. Die koeël het hom uit 'n suidwestelike rigting deur die maag getref en ontplof nadat dit sy liggaam verlaat het. Nou het Colley besef dat dit te laat was vir ingrawe en stuur eerder manne na hoër posisies om die Boere terug te hou. Tussen 11.00 en 12.00 vm. word die vuur van Boerekant hewiger — veral vanuit die ooste en noord-ooste sodat die matrose aan daardie front moes retireer. Teen 12.45 nm., was daar feitlik geen sprake meer van 'n geveg nie.

Teen 1.00 nm. was die Boeremanewers byna voltooi. Die westelike groep onder Ferreira was eerste bo en moes teen die hele Engelse mag staande bly totdat die ander ook bo was. Die Boere was baie nader as wat die Engelse verwag het toe die skietery om eenuur skielik baie hewig en gekonsentreerd geword het. Die Boere storm tot bokant die spitskoppe en verjaag die Engelse uit hul goeie skans. Die Engelse op die gevegsfront was maar min en Stewart het na die kom gegaan om versterkings van die 58ste, 92ste en Naval Brigade te gaan haal. Sonder entoetiesme gehoorsaam die troepe. Die Boere se aanslag swig effens voor die versterkte aanval van die Engelse, maar dan breek die vuur weer effens na links los en spoedig moes die versterkings ook terugval. Die Boere bemerk dat die Engelse wil vlug en versnel hul aanval. Die Engelse offisiere probeer om die vlugtende manskappe bymekaar te maak en te herorganiseer want oor die hele front begin hulle nou vlug.

Tussen die Engelse en Boere was daar 'n gelyk grasvlakte van omtrent dertig tree, met 'n rotsrif, omtrent twintig tree lank, van links na regs waar agter die Engelse nou almal saambondel. Die Boere lê plat en skiet laag vir ongeveer vyf minute om die ander Boereflanke kans te gee om nader te kom. Die Engelse kry nou die bevel: „Fix bayonets”, maar voordat hulle kon storm, bereik die ander Boere die gevegsfront en val die Engelse van die noordekant in die sy aan.

Die Engelse soldate was reeds gedisorganiseer, maar hierdie sy-aanval het hulle heeltemal gedemoraliseer. Insteede van bevel te gehoorsaam om uit te spreid ten einde die nuwe aanval die hoof te bied, breek 5 . . . 6 . . . 7 . . . 8 van hulle weg en vlug in die suidelike rigting vanwaar hulle die berg die nag beklim het.

Die drie Engelse regimente was nou 'n gedisorganiseerde massa en boonop so paniekbevange dat alle pogings om bevel te gee of hulle te organiseer, verydeld is en die hele klomp spoedig op die vlug slaan, reg op die hospitaal af wat in die pad tussen hulle en veiligheid lê. Behalwe vanaf die suidekant,

sak die Boere nou van alle kante af op die vlugtendes toe.

Pas nadat die Engelse hul laaste skans verlaat het, neem die Boere dit oor en skiet op die vyand net waar hulle roer. Omdat die vlug dwarsoor die hospitaal plaasvind, is dit denkbaar dat dr. Landon en twee lede van die A.H.C. ook geskiet kon gewees het, hoewel daar geen ander getuienis is dat dit die werk van jong Boere was wat die ander mediese amptenare en gewondes ook wou skiet nie.

Oor die dood van genl. Colley dien sommige getuienis verwerp te word op grond van geen ander stawende getuienis en van 'n houding van verskoning soek en kant kies vir die Engelse deur die skrywer van die volgende woorde: „Dr. Mason, een ooggetuie, zegt dat de Generaal eerst gewond was, toen een boer, binnen vier treden, zijne hersenen uitblies”. Die afsender van die telegram verlaat hom op wat „een ooggetuie zegt”. Volgens maj. Fraser e.a. was genl. Colley goed in beheer van die geveg, totdat die troepe begin vlug het. Hy was dan ook besig om 'n handdoek aan 'n bajonet te bind (in die omgewing van die putte), toe 'n koeël hom in die voorkop tref — gevuur vanaf die rotsrif wat die Engelse so pas verlaat het.

Die Engelse vlug halsorkop bergaf na die suidelike- en westelike kante langs haas onbegaanbare weë, maar toon geen teken van oorgee nie en daarom bly die Boere hulle agtervolg. Malan stuur rapport na genl. Joubert dat 'n kommando regs om die berg moes jaag om die vluggende Engelse te gaan voorkeer. 150 man onder kmdt. P. Uys, kmdt. A. Vorster en veldkornet Engelbrecht bestorm die vyand dan ook trompop. Nadat die Hooglanders op 150 tree hul gewere leeggeskiet het, slaan hulle op die vlug. Engelbrecht en ses man vang 18 Engelse en buit 'n menigte ammunisie wat hy aan Pretorius gee om saam met die gevangenes na genl. Joubert te neem.

Die Engelse wat so trompop bestorm is, was twee kompanies 92ste Hooglanders wat tussen 1.30 en 2.00 nm. met twee kanonne, tot een myl noord van die Engelse kamp by Mount Prospect, gestuur is om die terugtog saam met die twee kompanies 3/60 „Rifles” op Inquela te dek. Die uittog uit Mount Prospect het gelyk asof die Engelse hul kamp ontruim en die Boereleiers op Majuba beraadslaag nou om die kamp te bestorm, maar 'n digte mis het in die laat middag (geen eenstemmigheid oor tyd nie) toegesak, sodat 'n mens nie tien tree voor jou kon sien nie.

Die mis belemmer nie net die Boere se planne nie, maar ook die terugkeer van die vlugtendes na hul kamp. Teen dagbreek die volgende oggend was almal nog nie terug nie. Die 3/60ste „Rifles” het al veggende van Inquela af teruggetrek en min verliese gely. Daarenteen was die 68ste en 92ste Hooglanders byna almal dood en slegs 20 matrose het teruggekeer. Byna geen stafoffisier het in die Engelse kamp teruggekeer nie — genl. Colley, kapt. Maude (57ste), luit. Trower (Naval Brigade), Hornby (57ste) en chirurg maj. Carnish is almal gedood, terwyl Hay en kommandeur Romilly swaar verwond was.

Ook bo-op Majuba het die digte mis nadelige gevolge gehad. Die oorlewende drie mediese beamptes het teen 2.30 nm. begin met die verpleging

van gewondes. Nadat die Engelse verjaag was en diegene wat wapens neergelê het gevange geneem is, moes die gevangenes die gewondes onder toesig van die Boere aandra totdat hulle omstreeks 6.00 nm. na die Boerekamp geneem is. Dr. Mahon het met Ferreira gereël vir beskerming van gewondes en laasgenoemdes is deur die Boere goed behandel en baie hulp verleen. Die mis en reën het die werk baie bemoeilik en boonop het die medici slegs water en opium, maar geen lamp of vuurhoutjies gehad nie. Volgens die skrywer was daar ook geen brandewyn nie omdat die Boere alles sou gevat het. Die vyand het tot die Dinsdagaand besig gebly om die gevegsterrein onder toesig van die Boere te ontruim.

Geen gewonde of gesneuwelde Boere het op Majuba agtergebly nie. Johannes Becker van Middelburg, was die enigste gesneuwelde en daar was slegs vyf gewondes, nl. Groenewald, van der Merwe, Muller, Labuschagne en Vermaak. Altesaam sewe Engelse offisiere en 46 manskappe is gevange geneem en saam met 'n aansienlike buit aan gewere, sabels, patrone, grawe, pikke en 'n paar vaandels na die Boerekamp geneem.

Na Sondag, 27 Februarie 1881, het die Boere Majubaberg baie goed beman en bewaak om te verhoed dat hulle deur Wood, Colley se opvolger wat uit Pietermaritzburg kom, ook verras sou word. Dat die Boere die berg herwin het, skryf hulle nie aan eie vernuf toe nie, maar „Ik moet bekennen dat wij hen niet verslagen hebben, maar *God den Heer*”. Maj. Fraser voer aan dat hulle verslaan is omdat: (i) die hange so steil was dat dit aan die Boere dekking gebied het om tot aan die rand van die berg se plat kruin te beweeg; (ii) die Engelse se gevegsfront tot  $\pm$  50 jaarts beperk was sodat min Engelse aan die geveg kon deelneem; (iii) die Engelse te moeg was om hulle stelselmatig in te grawe en beswaarlik bevoeg was om te veg; (iv) toe die Engelse uit hul laaste skans verjaag is, hulle oor 'n oop kom na onbegaanbare steiltes, waarlangs hulle na veiligheid moes afdaal, moes vlug. Baie is tydens dié vlug gedood.

Verder kon die Engelse nie van hul kanonne gebruik maak nie, aangesien hulle, eerstens, die kanonne nie in die nag bo-op Majuba kon kry nie, en tweedens, was die versterkings met twee kanonne, wat die terugtog moes dek, aangeval deur 'n kommando uit die Boerekamp voordat hulle veel skade kon doen.

Die bewering dat die Engelse moes vlug omdat hulle geen ammunisie meer gehad het nie, hou nie water nie. Woorde soos die volgende skyn eerder simpatie en verskoning vir die Engelse te soek: „. . . onze troepe genoodsaakt waren terug te keeren aangezien hun reserve ammunitie niet voldoende was medegenomen geworden . . . Toen zij geen ammunitie meer hadden, hebben zij de Boeren met steenen geworpen . . .” 'n Ander getuie meld saam met die stene ook nog „vleeschblikken”. Majoor Fraser skryf onomwonde aan „the General Officer Commanding Natal: I must also add that, although I saw a few men very short of ammunition, my belief is that many had 20-40 rounds before the final attack”. Ferreira verseker vir die waarheid dat by die Engelse nog 40 tot 70 patrone gevind is. Party Boere

had maar 30 patrone toe hulle die berg bestorm het — die gedagte kom ook uit die pen van Ferreira.

So is daar ook geen sekerheid oor die getal gesneuweldes en gewondes aan Engelse kant nie. Genl. Joubert doen verslag dat genl. Colley en 150 ander gedood is. Die *Natal Witness* se korrespondent skryf: „ . . . het verlies van den Engelschen drie honderd ten volle”, terwyl ’n ander telegram spesifiseer dat 3 offisiere en 83 gedood is en 9 offisiere plus 122 man gewond is. Die getuienis stem nie ooreen met twee ander s’n oor die getal gevangenes nie en kan dus met twyfel bejeën word.

S. G. Lombaard.

#### BRONNE

Hoewel die bronne nie in voetnote vermeld is nie, is die studie geskryf na ’n vergelyking van *ooggetuie-dokumente* oor die slag. Hierdie dokumente is te vinde in o.a.: *Staats-Courant van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, 9 Maart 1881, p. 38, kol. 3, P. J. Joubert aan S. J. P. Kruger, 27.2.1881; p. 43, kol. 3: „Het Gevecht te Amájuba door een Ooggetuige”, 5 Maart 1881; p. 46, kol. 1: telegram van ’n Engelse ooggetuie aan die *Natal Witness*, 28.8.1881; p. 46, kol. 1: Verslag van „Een Engelsch Ooggetuige”, 28.2.1881; p. 46, kol. 2: telegram van Engelse kant.

J. D. Weilbach en C. N. J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (1882), p. 268-269, verslag van kmdt. J. J. Ferreira aan *De Zuid-Afrikaan*.

*Britse Blouboek* C 2950 (1881), p. 77-79, maj. Fraser aan bevelvoerende offisier in Natal, 5 Maart 1881; p. 89-90: verslag van sub-luit. A. L. Scott aan luit. H. Ogle, 1.3.1881; p. 90-92: Verslag van E. E. Mahon aan kom. Richards, 4.3.1881.

T. F. Carter: *A Narrative of the Boer War* (1896), p. 254-277.